



Invicta
HOLDINGS LIMITED

# Geouditeerde Groep resultate

vir die jaar geëindig 31 Maart 2006

- **Bearing Man minderhede uitgekoop**
- **Groep geherstruktureer in voorbereiding vir SEB**
- **Wesensverdienste vir die groep op met 21%**

(Registrasienommer 1966/002182/06) (Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika) (Aandelekode: IVT) (ISIN kode: ZAE000029773)

## Inkomstestaat

| | **2006 R'000** | Aangepas 2005 R'000 | % Verandering |
|---|---|---|---|
| Inkomste | **1 913 204** | 1 937 593 | (1) |
| Bedryfswins | **197 843** | 231 928 | (15) |
| Rente en voorkeur dividend ontvang | **21 396** | 8 787 | |
| Finansieringskoste | **40 552** | 15 506 | |
| Wins voor belasting | **178 687** | 225 209 | (21) |
| Belasting | **53 522** | 75 166 | |
| Wins na belasting | **125 165** | 150 043 | (17) |
| Buite-aandeelhouersbelang | **290** | (41 536) | |
| Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **125 455** | 108 507 | 16 |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | **170** | 190 | (11) |
| **Verwaterde verdienste per aandeel (sent)** | **169** | 190 | (11) |
| **Vasstelling van wesensverdienste** | | | |
| Toeskryfbare verdienste | **125 455** | 108 507 | |
| Aanpassings – ná belasting en minderheidsbelange waar toepaslik | | | |
| – Wins op verkoop van belegging | **–** | (3 995) | |
| – Wins op verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **(29)** | (444) | |
| **Wesensverdienste** | **125 426** | 104 068 | 21 |
| **Uitgereikte aandele** | | | |
| Geweegde gemiddelde (000e) | **73 861** | 57 258 | |
| Aan die einde van die jaar (000e) | **73 861** | 57 884 | |
| Aantal aandele gebruik vir verwaterde verdienste per aandeel (000e) | **74 246** | 57 258 | |
| **Wesenverdienste per aandeel (sent)** | **170** | 181 | (6) |
| **Verwaterde verdienste per aandeel (sent)** | **169** | 181 | (7) |
| **Dividend per aandeel* (sent)** | **68** | 77 | (12) |
| Tusentydse | **27** | 31 | (13) |
| Finaal | **41** | 46 | (13) |

** In ooreenstemming met IAS10, word die finale dividend van 41 sent per aandeel*

## Staat van verandering in ekwiteit

| | **31 Maart 2006 R'000** | Aangepas 31 Maart 2005 R'000 |
|---|---|---|
| **AANDELEKAPITAAL** | | |
| Saldo aan begin van tydperk | **2 894** | 2 873 |
| Aandele uitgereik | **799** | – |
| Aandeleopsies uitgereik | **–** | 168 |
| Aandele ingevolge die aandeleterugkoopskema gekoop | **–** | (147) |
| Saldo aan einde van tydperk | **3 693** | 2 894 |
| **AANDELEPREMIE** | | |
| Saldo aan begin van tydperk | **6 352** | 28 037 |
| Aandele uitgereik | **270 706** | – |
| Aandeleopsies uitgereik | **–** | 8 776 |
| Aandele ingevolgde die aandeleterugkoopskema gekoop | **–** | (30 461) |
| Saldo aan einde van tydperk | **277 058** | 6 352 |
| **OPGEHOOPTE WINS** | | |
| Saldo aan begin van tydperk | **347 787** | 284 144 |
| Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **125 455** | 108 507 |
| Dividende betaal | **(46 569)** | (44 864) |
| Saldo aan einde van tydperk | **426 673** | 347 787 |
| **ANDER RESERWES** | | |
| Saldo aan begin van tydperk | **8 042** | 8 194 |
| Omrekening van buitelandse bedrywighede | **830** | (152) |
| Saldo aan einde van tydperk | **8 872** | 8 042 |
| Gewone aandeelhouersfondse | **716 296** | 365 075 |
| **BUITE-AANDEELHOUERSBELANG** | | |
| Saldo aan begin van tydperk | **163 739** | 177 356 |
| Verdienste toeskryfbaar aan buite-aandeelhouers | **(290)** | 41 536 |
| Dividende betaal aan buite-aandeelhouers | | (18 477) |
| Netto belegging in filiale | **(161 214)** | (36 556) |
| Valuta-omskakelingsverskil | | (120) |
| Saldo aan einde van tydperk | **2 235** | 163 739 |
| **REKONSILIASIE VAN VORIGE SA GAAP MET IFRS** | | |
| Toeskryfbare verdienste vir die tydperk – SA GAAP | | 108 757 |
| Aanpassings: | | |

** In ooreenstemming met IAS10, word die finale dividend van 41 sent per aandeel soos deur die direksie voorgestel, nie in die finansiële jaarstate weerspieël nie.*

## Balansstaat

| | 2006 R'000 | Aangepas 2005 R'000 |
|---|---|---|
| **BATES** | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **1 547 755** | 182 308 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **123 220** | 118 059 |
| Beleggings | **1 195 303** | 202 |
| Klandisiewaarde en ander ontasbare bates | **203 701** | 37 600 |
| Uitgestelde belasting | **19 843** | 20 759 |
| Lening ontvang | **5 688** | 5 688 |
| **Bedryfsbates** | **949 924** | 813 703 |
| Voorraad | **633 901** | 553 030 |
| Rekeninge ontvangbaar | **289 655** | 224 889 |
| Bankbalans en kontant | **26 368** | 35 784 |
| | **2 497 679** | 996 011 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| **Kapitaal en reserwes** | **718 531** | 528 814 |
| Gewone aandeelhouersfondse | **716 296** | 365 075 |
| Buite-aandeelhouersbelang | **2 235** | 163 739 |
| **Nie-bedryfslaste** | **1 203 060** | 12 821 |
| Langtermynlenings | **1 203 060** | 12 821 |
| **Bedryfslaste** | **576 088** | 454 376 |
| Bankoortrekking en bank- aksepte | **105 642** | 9 681 |
| Korttermynlenings | **19 984** | 6 421 |
| Banklenings | **450 462** | 438 274 |
| Voorsienings | **48 888** | 59 097 |
| | **2 497 679** | 996 011 |

## Kontantvloeistaat

| | 2006 R'000 | 2005 R'000 |
|---|---|---|
| **Kontantvloei uit werksaamhede** | | |
| Kontant gegeneeer uit werksaamhede | **98 372** | 197 169 |
| Finansieringskoste | **(40 552)** | (15 506) |
| Dividende betal | **(46 494)** | (63 257) |
| Belasting betaal | **(58 704)** | (91 810) |
| Rente en dividende ontvang | **21 396** | 8 787 |
| Netto kontant(uitvloei) invloei uit bedrywighede | **(25 982)** | 35 383 |
| **Netto kontantvloei uit bedrywighede** | | |
| Netto kontantuitwerking van bateverkrygings | **(31 129)** | (24 302) |
| Netto kontantuitwerking van beleggingsaktiwiteite | **(1 523 416)** | (1 753) |
| **Netto kontantvloei uit finansieringsbedrywighede** | | |
| Netto kontantuitwerking van aandelekapitaal teruggekoop | **–** | (30 608) |
| Netto kontantuiwerking van aandele uitgereik | **271 505** | 8 944 |
| Netto kontantuitwerking van lenings verkry | **1 203 645** | 4 251 |
| Netto afname in kontant en kontantekwivalente | **(105 377)** | (8 085) |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | **26 103** | 34 188 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar | **(79 274)** | 26 103 |

## Aantekeninge tot die finansiële inligting

**Grondslag van opstelling**

Die resultate vir die tydperk geëindig 31 Maart 2005 is heraangegee vanweë die aanneem van IFRS. Die geouditeerde finansiële state is opgestel in ooreenstemming met IAS 34 en IFRS 1 – Eerste aanneem van IFRS. Die rekeningkundige beleid is deurgaans toegepas behalwe met die veranderinge

| | |
|---|---|
| Toeskryfbare verdienste vir die tydperk – SA GAAP | 108 757 |
| Aanpassings: | |
| Negatiewe klandisiewaarde op datum van oorgang | (1 636) |
| Depresiasie | 1 234 |
| Omskakeling van buitelandse bedrywighede | 152 |
| Toeskryfbare verdienste vir die tydperk | 108 507 |

| | 31 Maart 2005 R'000 | 31 April 2004 R'000 |
|---|---|---|
| **REKONSILIASIE VAN EKWITEIT VAN VORIGE SA GAAP OP 31 MAART 2005 NA IFRS HERAANGEWING** | | |
| Kapitaal en reserwes –SA GAAP | **510 899** | 483 257 |
| Revaluasie reserwe | **8 194** | 8 194 |
| Valuta-omskakelingverskil | **(152)** | – |
| Gewone aandeelhouers fondse | **2 465** | 2 715 |
| Toeskryfbaar aan buiteaandeelhouers | **7 408** | 6 438 |
| Kapitaal en reserwes – IFRS | **528 814** | 500 604 |

## Ander inligting

| | 31 Maart 2006 R'000 | Aangepas 31 Maart 2005 R'000 |
|---|---|---|
| Skuld: Ekwiteit verhouding (%) (uitgesluit die langtermyn SEB befondsing deur beleggings gesekweer.) | **18** | 8 |
| Depresiasie en waardedaling (R'000) | **22 566** | 19 952 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **969,8** | 630,7 |
| Tasbare netto batewaarde per aandeel (sent) | **694,0** | 571,9 |
| Uitgereikte aandele (R'000) | **3 954** | 4 922 |

## Kommentaar (vervolg)

11% en die verkope van oesdorsmasjiene het met 35% verminder. Die sektor vir groot trekkers het met 60% afgeneem. Hierdie sektor is Northmec se sterk punt, en Northmec se omset het gevolglik met R172 miljoen gedaal. Northmec bly ondanks alles steeds die markleier in die verkoop van oesdorsmasjiene en hoëkilowatt-trekkers.

Bearing Man se omset het met R125 miljoen gestyg en CSE en Autobax se gesamentlike omset is R23 miljoen hoër. Ons kondig daarom met genoeë aan dat die groepomset met slegs 1% tot R1 913 miljoen gedaal het.

Die bruto marges in die groep was in die tweede helfte van die jaar steeds onder druk. Hierdie druk en die verhoogde bedryfskoste het daartoe gelei dat die bedryfswins met 15% tot R198 miljoen gedaal het. Danksy die uitkoop van Bearing Man se minderheidsaandeelhouers het die groep se verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers tot R125 miljoen gestyg, wat neerkom op 'n 16%-styging.

Die wesensverdienste het met 21% tot R125 miljoen gegroei. Die toename in die getal uitgereikte aandele vanweë die uitkoop van Bearing Man se minderheidsaandeelhouers het veroorsaak dat die wesensverdienste per aandeel met 6% tot 170 sent per aandeel gedaal het. Die skuld-ekwiteitverhouding (met uitsluiting van die SEB-befondsingskuld wat met beleggings verseker word) het van 8% toegeneem tot 18%. Dit kan in hoofsaak toegeskryf word aan kontant wat uitbetaal is aan minderheidsaandeelhouers wat verkies het om kontant in plaas van aandele te ontvang, asook kontant wat benut is vir verkrygings en toenemende beleggings in bedryfskapitaal. Die skuld-ekwiteit-verhouding is egter 2% laer as in die tussenstadium.

**SEB**

Die verkryging van fondse en interne groepherstrukturering is voltooi, en daar word tans met potensiële SEB-vennote onderhandel. Die teikendatum vir die afhandeling hiervan is 31 Oktober 2006. Hierdie transaksie sal 'n personeelbemagtigingskema insluit.

**Vooruitsigte**

Die vooruitsigte van die landbousektor vir die 2006-kalenderjaar is belowend. Dit het goed oor die hele land gereën en die mielieprys is aanmerklik hoër as verlede jaar. Die verkryging van New Holland SA (Edms) Bpk versterk die groep se leiersposisie in die landboumasjineriemark en die groep kan 'n groter verskeidenheid produkte aan die mark bied. New Holland sal na verwagting eers in 2008 'n wesenlike bydrae tot die groep se winste lewer.

Die konstruksiemasjineriebedryf sal na verwagting die huidige stewige vlak handhaaf danksy die staat se volgehoue besteding aan infrastruktuur en voorbereidings vir die Sokkerwêreldbeker in 2010. Die bestuur het egter bedenkinge oor die voordeel wat hieruit getrek kan word, aangesien

IFRS. Die geouditeerde finansiële state is opgestel in ooreenstemming met IAS 34 en IFRS 1 – Eerste aanneem van IFRS. Die rekeningkundige beleid is deurgaans toegepas behalwe met die veranderinge wat die inwerkingstelling van IFRS vereis. Die uitwerking van ekwiteit word hier bo uiteengesit. Die effek op beide verdienste- en verwaterde verdienste per aandeel was 'n verlaging van 0,4 sent en 'n vermindering in verdienste toeskryfbaar aan buite-aandeelhouers van R1,090 miljoen vir 2005.

## Kommentaar

**Groepbedrywighede**

Die Invicta Groep is steeds 'n belangrike streeksinvoerder en -verspreider van:

- Rollaers, bande, seëls, kragoorbringingprodukte, ratmotors en knippe (Bearing Man Limited ("Bearing Man"))
- Landboumasjinerie en -toerusting (Northmec Divisie ("Northmec"))
- Konstruksie- en grondtoerusting, grasbaaninstandhouding en gholfnutsmotors (CSE Divisie ("CSE"))
- Motor- en motorfietsonderdele (Autobax Divisie ("Autobax"))

**Finansiële oorsig**

Dit was 'n jaar van groot uitdagings. Moeilike toestande het geheers in al drie sektore van die bedrywe waarin die groep werksaam is, naamlik landbou, mynbou en vervaardiging. Stewige resultate is nogtans behaal, hoewel die wesensverdienste per aandeel met 6% gedaal het.

Die groep was egter baie besig met korporatiewe bedrywighede en het sy posisie gekonsolideer in elkeen van die sektore waarin hy bedrywig is.

**Korporatiewe bedrywighede**

- Die verkryging van minderheidsaandele in Bearing Man met die gepaardgaande denotering van Bearing Man.
- Die interne herstrukturering en verkryging van fondse ten einde die koms van 'n SEB-vennoot te vergemaklik.
- Die verkryging van New Holland SA (Edms) Bpk, effektief 1 April 2006. Die groep is tans die alleenverspreider van Case en New Holland se reekse landboutoerusting in Suid-Afrika.
- Bearing Man het twee strategiese verkrygings beklink, naamlik Top Class ('n verspreider van motorprodukte) en OST ('n vervaardiger en verspreider van gespesialiseerde trildempprodukte).
- Bearing Man is aangewys as die alleenverspreider in Suid-Afrika van Timken Bearings.
- Bearing Man se hipermoderne rekenaarstelsel vir hulpbronbeplanning is geïnstalleer.

**Handelsresultate**

Die bedrukte toestand waarin die landbousektor verkeer, wat in die tussentydseverslag vermeld is, het die res van die 2005-kalenderjaar voortgeduur. Die totale trekkerverkope in Suid-Afrika het met

staat se volgehoue besteding aan infrastruktuur en voorbereidings vir die Sokkerwêreldbeker in 2010. Die bestuur het egter bedenkinge oor die voordeel wat hieruit getrek kan word, aangesien die mark uiters mededingend is en probleme met verskaffingskettings nog nie bevredigend opgelos is nie.

Die masjienbou-verbruikersgoederemark sal in die komende jaar na verwagting taamlik staties bly. Die bestuur poog egter om die bedryfsmarges deur beter batebestuur en groter doeltreffendheid te verbeter.

Die groep sal hom in die komende jaar veral toespits op konsolidasie en die verbetering van marges en bedryfskapitaal. Verkrygings sal in die eerste helfte van die jaar totdat die transaksie met SEB-vennote afgehandel is, nie hoë prioriteit geniet nie.

Alles in ag genome, kan aandeelhouers in die komende jaar beter resultate verwag.

**Dr C H Wiese**
*Voorsitter*

**A Goldstone**
*Besturende Direkteur*

## Dividend

Kennis geskied hiermee dat 'n finale dividend van 41 sent per aandeel verklaar is. Die laaste dag waarop aandele (met dividend) verhandel kan word om vir die dividend in aanmerking te kom, is Vrydag 14 Julie 2006.

Invicta Holdings Beperk se aandele sal vanaf Maandag 17 Julie 2006 sonder dividend verhandel, en die rekorddatum is Vrydag 21 Julie 2006. Die dividend sal op Maandag 24 Julie 2006 aan lede betaal word.

Aandelesertifikate mag nie van Maandag 17 Julie 2006 tot en met Vrydag 21 Julie 2006 gedematerialiseer of gehermaterialiseer word nie.

## Ouditmening

Ons ouditeure, Deloitte & Touche, het hulle mening aangaande die groep se finansiele state vir die jaar geeindig 31 Maart 2006 uitgereik. Hulle het 'n onveranderde mening uitgereik. 'n Afskrif van hulle verslag lê by die maatkappy se geregistreerde kantoor ter insae. Hierdie opgesomde finansiele verslae is uit die groep se finansiele state verkry en stem in alle materiele aspekte daarmee ooreen.

Op las van die direksie

**C Barnard**
*Sekretaris*

Johannesburg
20 Junie 2006

Segmentale inligting vir hierdie bedrywighede word hieronder aangetoon:

| | Ingenieurs-verbruikersgoed R'000 | | Kapitaal, toerusting en onderdele R'000 | | Nie-segment toewysings R'000 | | Aangepas R'000 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **2006** | 2005 | **2006** | 2005 | **2006** | 2005 | **2006** | 2005 |
| Inkomste | **1 172 670** | 1 048 087 | **740 534** | 889 506 | | – | **1 913 204** | 1 937 593 |
| Bedryfswins voor finansieringskoste, rente en voorkeurdididend ontvang | **154 564** | 156 326 | **43 279** | 76 806 | | (1 204) | **197 896** | 231 957 |
| Balansstaat | | | | | | | | |
| Bates | **702 515** | 596 578 | **797 518** | 557 439 | **992 646** | (158 007) | **2 497 679** | 996 011 |
| Laste | **284 800** | 246 799 | **295 391** | 311 408 | **1 198 957** | (91 010) | **1 779 148** | 467 197 |

Geografiese segment: Die Groep het nie segmentinligting volgens geografiese ligging opgestel nie aangesien werksaamhede hoofsaaklik binne Suidelike-Afrika plaasvind.

**GEREGISTREERDE KANTOOR**
Invicta Holdings Limited
Eenheid 1A, Grondverdieping
Seardel Huis, Alphen Park
Constantiahoofweg
Constantia, 7806
Posbus 89
Constantia, 7848

**OORDRAGSEKRETARIS**
Computershare Investor Services, 2004 (Pty) Limited
Grondverdieping
Marshallstraat 70
Johannesburg, 2001
Posbus 61051
Marshalltown, 2107

**DIREKSIE**
Dr CH Wiese*, A Goldstone, M Rose-Innes*, DI Samuels*, RE Sherrel*, Dr LJ Marais#, AM Sinclair#
* Nie-uitvoerend # Alternatiewe

**BORG**
Deloitte & Touche Sponsor Services (Pty) Ltd



20072019 dynamo africa